


# Uit sy oorvloed... Joh 7:37-39

*"Op die laaste dag, die groot dag van die huttefees, het Jesus daar gestaan en uitgeroep: 'As iemand dors het, laat hy na My toe kom en drink! Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binneste vloei.' Hiermee het Hy na die Gees verwys, want die mense wat tot geloof in Hom kom, sou die Gees ontvang. Die Gees was nog nie uitgestort nie, omdat Jesus toe nog nie verheerlik was nie."*

## Die Loofhuttefees

- Een van Israel se drie groot pelgrimsfeeste — sewe dae in herinnering aan die woestyntyd toe God met manna en met water uit 'n rots versorg het.
- Elke dag het 'n priester water uit die bad van Siloam in die tempel oor die altaar uitgegiet, terwyl die feesgangers Jes 12:3 sing: "Met blydskap sal julle water skep uit die fonteine van redding." Die fees het ook 'n Messiasverwagting gedra — dat 'n stroom van lewe uit Jerusalem na die nasies sou vloei (Sag 14:8; Eseg 47:1).
- Op die laaste, gróót dag — waarskynlik juis terwyl die priester die water uitgooi — roep Jesus uit: "As iemand dors het …" Die water — dis Hý. Die wag is verby.

## Die Logika van die Oorvloed is 'n goue draad deur Johannes

- Reeds in die proloog: "Uit sy oorvloed het ons almal genade ontvang, genade op genade" (Joh 1:16). Kana: ses kruike water — sowat 600 liter — word die beste wyn (Joh 2). Aan Nikodemus: God gee sy Gees sonder voorbehoud (Joh 3:34). Samaria: water word 'n fontein wat opborrel (Joh 4).

- Die vermeerdering van die brood: vyfduisend eet versadig uit vyf brode en twee vissies — én daar bly twaalf mandjies oor (Joh 6). Een mandjie vir elke stam van Israel. "Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed kan hê" (Joh 10:10). Selfs in Joh 21 skeur die net nie onder die oorvloed visse nie.
- Joh 7:37-39 staan midde-in hierdie goue draad. Jesus belowe nie 'n druppel nie — Hy praat van strome. Meervoud. Oorvloedig.
- Dít is die "teo-logika" van die Koninkryk: nie skraps, nie net-genoeg nie, maar oorvloedig. En altyd verder vloeiend. Die oorvloed is nooit om vasgehou te word nie — dit moet aangegee word. Wie huiwer om dit te vertrou, huiwer om dit te déél.

## Die Gees is die Geleier van die Oorvloed

- Op Pinkster word duidelik: die Gees is die geleier van die Koninkryk se oorvloed. Wat Christus by die regterhand van die Vader het — gesag en teenwoordigheid — vloei deur die Gees in en deur ons. Die oorvloed word aangegee, en die Geleier is die Heilige Gees.
- 'n Motorboot vaar op eie krag, 'n seilboot span seile vir die wind. Ons leef nie op eie krag nie — ons span seile na die Gees. Augustinus: "Here, gee wat U vra, en vra dan wat U wil."

## Van Tekort na Oorvloed

- Ons kan ons "tekort"-mentaliteit prysgee — daardie "neem-mens" wat vir homself moet lewe omdat alles en almal die bietjie wat hy het wil kom vat.
- In plaas daarvan 'n "oorvloed"-mentaliteit waar ek 'n "gee-mens" word, omdat ek aan niks anders onderdanig is as aan Christus nie.
- Maar hoe sal jy weet as jy dit nie uittoets nie? Moenie soos die mense wees wat 'n sonhorlosie gekry het en dit binnenshuis weggebêre het uit vrees dat dit breek nie — en toe besluit het dat die ding in elk geval nie werk nie.

## 'n Teologie van Brood

- Vandag breek ons brood. Brood is die merker van armoede (die broodlyn); van gemeenskap (om saam brood te breek); van hoop (werp jou brood op die water); van basiese behoeftes (brood-en-botter); van God se gawe van lewe (Jesus die Brood van die lewe, Joh 6).
- 'n Teologie van Brood beteken om te werk vir 'n wêreld sonder honger; honger te midde van oorvloed is 'n klad op die getuienis van die kerk.
- Brood en water loop hand aan hand deur Johannes. In Joh 6 bly twaalf mandjies brood oor; in Joh 7 vloei strome lewende water. Vanoggend drink en eet ons uit dieselfde oorvloed.

## Dit gaan vreemd lyk

- As jy begin dans op 'n nuwe ritme wat ander nie hoor nie, gaan jy bietjie laf lyk. Om mense in te sluit wat nie tot jou "groep" behoort nie, om eenvoudiger te lewe, om ander se belange hoër as jou eie te stel — alles uit pas.
- Oorvloed is nooit net vir my nie; dit is altyd oorvloed-na-buite. Die vraag is nooit weer "hoe kry ek méér van die Gees?" nie, maar "hoe kry die Gees méér van my?"